

Publication: Beeld,Daily (Sport)
Publication Date: 14 Jul 2017
Page: 23

AVE: 27773.68
Circulation: 41286
Part: 1 of 1



**Zeney van der Walt vlieg hoog oor 'n hekkie tydens die uitdunne van die 400-hekkies op die o.18-Wêreldbyeenkoms. Van der Walt het gewen en is môre in die eindronde in aksie.** Foto: GETTY IMAGES

# Jong Sokkies wys hakskene

**Wim Pretorius**

Sokwakhana Zazini het gister reeds in die uitdunne van die 400 m-hekkies op die o.18-Wêreld-atletiekbyeenkoms in Nairobi, Kenia, gewys hy het tans nie 'n gelyke in sy ouderdomsgroep ter wêreld nie.

Sokkies, soos hy onder sy vriende bekend staan, het 'n blitsige 49.63 sek. gehardloop om sy uitdun met sowat 30 meter te wen. Luis Elespuru van Peru (53.57) was byna vier sekondes stadiger.

Zazini het in Maart by Tuks se L.C. de Villiers-stadion 'n Wêreld-jeugrekord met 'n tyd van 48.84 behaal.

Hy sal môre waarskynlik LJ van Zyl se byeenkomsrekord van 48.89, wat al sedert 2002 staan, teiken in die eindronde.

Johannes Schlebusch het die land se tweede silwermedalje gewen toe hy in die spiesgooi 'n persoonlike beste afstand van 75.68 m behaal het.

Sy landgenoot Joshua Maas moes tevrede wees met die 14de plek en 'n afstand van 59.55 m. Zhekai Liu van China het met 77.54 m gewen.

Jonathan De Lacey het 'n persoonlike beste afstand van 19.93 m in die eindronde van die gewigstoot gegooi om die bronsmedalje te verower. Timo Northoff van Duitsland het gewen met 'n afstand van 20.72 m.

Julian Bogner het net-net 'n medalje in die verspring gemis toe Andreas Bucsa van Roemenië hom met sy laaste sprong verbygesteek het. Bogner kon net twee uit sy ses spronge laat tel, met 'n beste van 7.40 m.

Bucas het 7.47 gespring. Die Kubaan Maikel Vidal het gewen met 7.88 m.

Zeney van der Walt het haar uitdun in die 400 m-hekkies in 'n tyd van 59.60 sek. gewen. Haar tyd was die derde vinnigste in die uitdunrondes.

Sy neem môre aan die eindronde deel met net Sanique Walker van Jamaika (58.74) en Gabija Galvydyte van Litaue (58.94) vinniger as sy. Van der Walt se landgenoot Gontse Morake het vierde geëindig in 1:00.59 en nie vir die eindronde gekwalifiseer nie.

Bogner is ook deur na die halfeindronde van die 110-hekkies nadat hy derde was in sy uitdun. Sy tyd was 14.12.

Roelof van der Walt se tyd van 13.97 in sy uitdun was net goed genoeg vir 'n vierde plek en hy het dus nie vir die halfeind gekwalifiseer nie.

Tharina van der Walt het haar plek in môre se eindronde van die hamergooi bespreek danksy 'n poging van 63.10 m.

In die halfeindronde van die meisies se 100 m het Rose Xeyi ook haar kleim afgesteek, toe sy derde was in 11.83. Sy het egter in die eindronde sewende geëindig in 12.01 sek.

This article is copyright protected and licensed under agreement with DALRO. Redistribution, modification, re-sale of this is not allowed without prior written consent of the original author of the works.